

12.1 APPÈLLE 12.1 APPEALS

12.1.1 RAPPORT 1: APPÈLDEPUTATE (Art 19)

12.1.1 REPORT 1: DEPUTIES FOR APPEALS (Art 19)

- A. Dr GJ Meijer stel die Rapport.
Dr GJ Meijer tables the Report.
- B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report is concluded while the Synod is in session.

C. RAPPORT / REPORT

<p>1. Opdrag Dat daar ooreenkomstig die goedgekeurde Appèlprosedure weer Appèldeputate aangewys word (Acta 2018:32, 3.3). Besluit: Kennis geneem.</p> <p>2. Sake waarvan die Sinode kennis neem</p> <p>2.1 Geen Appèlle het gedien nie.</p> <p>2.2 Die Deputate is genader in verband met die moontlike verfyning van die bestaande Appèlprosedure:</p> <p>2.2.1 Daar het vrae na vore gekom oor die taalbeleid in die Appèlprosedure. Op die oomblik is daar geen verwysing na taalgebruik in die prosedure nie.</p> <p>2.2.2 7.5.1 en 7.5.2 van die prosedure bevat 'n tekortkoming. Die gedagte was dat die appellant en toeliger(s) in mekaar se teenwoordigheid aangehoor word, maar dit staan nie daar nie.</p> <p>2.3 Die volgende wysigings word ook aanbeveel:</p> <p>2.3.1 Dat die woorde “of verteenwoordiger van” oral uit die prosedure uitgehaal word. <u>Motivering:</u> 'n Vergadering waarteen geappelleer word, kan geen verteenwoordigers hê nie, maar slegs toeligers aanwys om bepaalde besluite van die vergadering te verduidelik.</p> <p>2.3.2 Waar daar na die Deputate vir Appèl verwys word, is daar in die 2015-dokument van verskillende benoemings gebruik: Deputate, Deputate vir Appèl asook</p>	<p>1. Mandate Deputies for Appeal are to be appointed in accordance with the approved appeal procedure (Acta 2018:32, 3.3). Decision: Noted.</p> <p>2. Matters that the Synod takes note of</p> <p>2.1 No Appeals were tabled.</p> <p>2.2 The Deputies were approached in relation to the possible refining of existing Appeal procedure:</p> <p>2.2.1 Questions arose about the language policy of the Appeal procedure. At present there is no reference to language use in the procedure.</p> <p>2.2.2 7.5.1 and 7.5.2 of the procedure are incomplete. The intent was for the appellant and advisor(s) to be heard in each other's presence, but this is not stated.</p> <p>2.3 The following amendments are also recommended:</p> <p>2.3.1 The words “or representative of” should be removed throughout the procedure. <u>Motivation:</u> An assembly against which an appeal is lodged cannot have representatives but can only appoint advisors to explain certain decisions of the assembly.</p> <p>2.3.2 Reference to the Deputies for Appeals varies in the 2015 document: Deputies, Deputies for Appeal and Appeal Deputies. This has been changed to Deputies for Appeals throughout for the sake of</p>
---	--

<p>Appèldeputate. Dit word konsekwent Appèldeputate gemaak.</p> <p>2.3.3 Toeliger (enkelvoud) word konsekwent toeliger(s) gemaak.</p> <p>2.4 Sinode 2018 (Acta, 50:2.5.2 en 1112:3.2.9) het Studiedeputate aangewys om 'n aanbeveling oor artikel 8.2 in die Appèlprosedure te maak waaroor 'n Beswaarskrif gediën en geslaag het. Die voorstelle vir verfyning van die Appèlprosedure moet gevolglik in samehang met die verslag van die Studiedeputate gesien en oor besluit word.</p> <p>2.5 'n Konsep vir die hersiene Appèlprosedure is as Bylae aangeheg.</p> <p>Besluit: Punte 2.1 tot 2.5 kennis geneem.</p> <p>3. Aanbevelings</p> <p>3.1 Dat die Sinode die hersiene Appèlprosedure goedkeur.</p> <p>3.2 Dat ooreenkomstig die Appèl- prosedure weer Appèldeputate aangewys word.</p> <p>Besluit: Punte 3.1 en 3.2 goedgekeur.</p>	<p>consistency.</p> <p>2.3.3 Advisor (singular) has been changed to advisor(s) throughout for the sake of consistency.</p> <p>2.4 Synod 2018 (Acta, 50:2.5.2 and 1112:3.2.9) Appointed Deputies to make recommendations regarding article 8.2 of the Appeal procedure against which a Petition of protest was lodged and succeeded. Suggestions and decisions on refining Appeal procedure must therefore be made in light of the above Deputies' report.</p> <p>2.5 A draft of the amended Appeal procedure is attached as Appendix.</p> <p>Decision: Points 2.1 to 2.5 noted.</p> <p>3. Recommendations</p> <p>3.1 The Synod should approve the amended Appeal procedure.</p> <p>3.2 The Synod should appoint Deputies for Appeal in accordance to Appeal procedure.</p> <p>Decision: Points 3.1 and 3.2 approved.</p>
---	---

APPÈLPROSEDURE 2023 HERSIEN

PROCEDURE OF APPEALS 2023 REVISED

APPÈLPROSEDURE INGEVOLGE ARTIKEL 31, KERKORDE (Goedgekeur deur Sinode 2015 en gewysig deur Sinodes 2018 en 2023)	APPEAL PROCEDURE ACCORDING TO ARTICLE 31, CHURCH ORDER (Approved by Synod 2015 and amended by Synods 2018 and 2023)
<p>1. Basiese riglyne vir appèlle</p> <p>1.1 'n Appèl handel slegs oor die besluit waarteen geappelleer word en nie oor omringende oorwegings of aangeleenthede nie.</p> <p>1.2 Die doel van 'n Appèl is uitsluitlik om moontlike onreg wat deur die betrokke besluit veroorsaak is of kan word, ooreenkomstig die Woord van God of die Kerkorde uit die weg te ruim.</p> <p>1.3 Alles moet in werking gestel word om vooroordeel uit die appèlproses te weer.</p> <p>1.4 Geen persoon mag regter in eie saak wees nie.</p>	<p>1. Basic guidelines for appeals</p> <p>1.1 An Appeal only deals with the decision appealed against and not with surrounding considerations or matters.</p> <p>1.2 The purpose of an Appeal is solely to remove possible injustice that has been or may be caused by the decision in question, in accordance with the Word of God or the Church Order.</p> <p>1.3 Everything must be done to prevent bias from the appeals process.</p> <p>1.4 No person may be a judge in his own case.</p>

<p>1.5 Alle kante van die saak moet gestel kan word en moet aangehoor word.</p>	<p>1.5 All sides of the case must be presented and must be heard.</p>
<p>1.6 Hoewel alle tegniese, formele en prosedurele vereistes vir appèlle nagekom moet word, word bevindings oor appèlle op substantiewe en nie op bloot formele gronde nie, beslis.</p>	<p>1.6 Although all technical, formal and procedural requirements for appeals must be met, findings on appeals are decided on substantive and not merely formal grounds.</p>
<p>2. Aard van 'n Appèl</p>	<p>2. Nature of an Appeal</p>
<p>2.1 'n Appèl kan ingevolge Kerkorde, artikel 31 teen 'n spesifieke besluit of handeling van 'n kerkraad, 'n klassis of 'n streeksinode aangeteken word. Die appèl moet van 'n mindere na 'n meerdere vergadering wees.</p>	<p>2.1 An Appeal can be lodged in terms of Church Order, article 31 against a specific decision or act of a church council, a classis or a regional synod. The appeal must be from a minor to a major assembly.</p>
<p>2.2 'n Appèl kan slegs aangeteken word wanneer 'n besluit strydig is met –</p>	<p>2.2 An Appeal can only be lodged when a decision is contrary to –</p>
<p>2.2.1 die Woord van God, en/of</p>	<p>2.2.1 the Word of God, and/or</p>
<p>2.2.2 'n bepaling van die Kerkorde, en die appellant deur die besluit of handeling verontreg is.</p>	<p>2.2.2 a provision of the Church Order, and the appellant was wronged by the decision or act.</p>
<p>2.3 Die beweerde verontregting moet betrekking hê op 'n kerklike aangeleentheid soos verwoord in Kerkorde, artikel 30 waarby die appellant 'n regstreekse belang het.</p>	<p>2.3 The alleged wrongdoing must relate to an ecclesiastical matter as expressed in Church Order, article 30 in which the appellant has a direct interest.</p>
<p>2.4 Die Appèl moet dien tot eer van God, tot stigting van die kerk van Jesus Christus en die herstel van reg.</p>	<p>2.4 The Appeal must be to glorify God, to edify the church of Jesus Christ and to restore justice.</p>
<p>3. Deputate vir Appèl</p>	<p>3. Deputies for Appeal</p>
<p>3.1 Elke meerdere vergadering wys ooreenkomstig Kerkorde, artikel 49 uit die geledere van die mindere vergaderings waaruit die betrokke meerdere vergadering saamgestel is ten minste ses en hoogstens agt Deputate vir Appèl asook 'n voldoende aantal sekundi aan.</p>	<p>3.1 In accordance with Church Order, article 49, each major assembly appoints at least six and at most eight Deputies for Appeal as well as a sufficient number of secundi from the ranks of the minor assemblies from which the relevant major assembly is formed.</p>
<p>3.2 Die Deputate word aangewys uit lidmate wat beskik oor die toepaslike kundigheid waaronder, maar nie beperk is nie, tot kundigheid oor die kerklike reg.</p>	<p>3.2 The Deputies are appointed from among members who have the appropriate expertise including, but not limited to, expertise on ecclesiastical law.</p>
<p>3.3 Die Deputate kan persone met toepaslike kundigheid uit die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika koöpteer vir sover dit die beoordeling van die betrokke appèl kan bevorder.</p>	<p>3.3 The Deputies can co-opt persons with appropriate expertise from the Reformed Churches in South Africa insofar as this can promote the assessment of the relevant appeal.</p>
<p>3.4 Elke meerdere vergadering begroot vir die uitgawes van Appèldeputate.</p>	<p>3.4 Each major assembly budgets for the expenses of the Deputies for Appeal.</p>
<p>4. Kennisgewing van Appèl</p>	<p>4. Notice of Appeal</p>
<p>4.1 Aan beweerde regskenking moet so spoedig moontlik aandag gegee word.</p>	<p>4.1 Alleged injustices should be addressed as soon as possible. The appellant gives</p>

<p>Die appellant gee binne ses weke nadat hy redelikerwys kennis geneem het van 'n besluit van 'n kerklike vergadering waarteen hy wil appelleer, skriftelik kennis van sy voorneme om te appelleer.</p>	<p>written notice of his intention to appeal within six weeks after he has reasonably become aware of a decision of a church assembly against which he wishes to appeal.</p>
<p>4.2 Hierdie kennisgewing moet gerig word aan die Skriba van die kerkraad of die Deputate Korrespondensie van die vergadering <i>waarteen</i> geappelleer word asook aan die Deputate Korrespondensie en die Skriba van die Appèldeputate van die vergadering <i>waarheen</i> geappelleer word.</p>	<p>4.2 This notice must be addressed to the Scribe of the church council or the Deputies Correspondence of the assembly against which the appeal is made as well as to the Deputies Correspondence and the Scribe of the Deputies for Appeal of the assembly to which the appeal is made.</p>
<p>4.3 Die Skriba of Deputate Korrespondensie van die vergadering teen wie se besluit geappelleer word erken binne 14 kalenderdae of so spoedig daarna as wat redelikerwys moontlik is ontvangs van die kennisgewing van appèl en voorsien verder so spoedig moontlik op versoek van die appellant die toepaslike inligting en dokumentasie in verband met die besluit waarteen geappelleer word.</p>	<p>4.3 The Scribe or Deputies Correspondence of the assembly whose decision is appealed, acknowledged receipt of the notice of appeal within 14 calendar days or as soon as reasonably possible thereafter and further provides as soon as possible at the appellant's request the appropriate information and documentation in relation to the decision being appealed.</p>
<p>5. Inhoud van 'n Appèl</p>	<p>5. Content of an Appeal</p>
<p>5.1 Die appellant moet die amptelike redaksie van die besluit waarteen hy appelleer in sy appèldokumente aanhaal.</p>	<p>5.1 The appellant must quote the official version of the decision he is appealing against in his appeal documents.</p>
<p>5.2 Die appellant moet die gronde vir sy beweerde verontregting in sy eie woorde duidelik uiteensit.</p>	<p>5.2 The appellant must clearly set out – in his own words – the grounds for the alleged wrongdoing he has experienced.</p>
<p>5.3 Indien 'n Appèl teen die uitspraak van 'n meerdere vergadering gerig word, moet die appellant ook aantoon wat die oorspronklike oorsaak van die beweerde verontregting is.</p>	<p>5.3 If an Appeal is made against the verdict of a major assembly, the appellant must also show what the original cause of the alleged wrongdoing is.</p>
<p>5.4 Die appellant moet 'n duidelike uiteensetting gee van dit wat hy van die meerdere vergadering verwag.</p>	<p>5.4 The appellant must give a clear outline of what he expects from the major assembly.</p>
<p>5.5 Indien 'n appèlskrif nie aan die vereistes wat in hierdie prosedure gestel word voldoen nie, kan die betrokke Appèldeputate die geleentheid aan die appellant gee om binne 'n vasgestelde termyn regstellings te maak en die appellant indien nodig daarin bystaan.</p>	<p>5.5 If an appeal document does not meet the requirements set out in this procedure, the relevant Deputies for Appeal can give the appellant the opportunity to make corrections within a fixed term and assist the appellant in this if necessary.</p>
<p>5.6 Die partye sal op aanvraag van die Appèldeputate alle relevante dokumente beskikbaar stel, hetsy</p>	<p>5.6 The parties will make all relevant documents available, either digitally or in writing, at the request of the Deputies for</p>

<p>digitaal, hetsy skriftelik. Die Appèldeputate het bevoegdheid om termyne vas te stel waarbinne die nodige samewerking gee word.</p>	<p>Appeal. The Deputies for Appeal have the authority to set deadlines within which the necessary cooperation should be given.</p>
<p>6. Indiening van 'n Appèl</p> <p>6.1 Die appellant voorsien die gevraagde aantal kopieë van die Appèl en bylaes waar van toepassing aan die Skriba/Deputate van die betrokke mindere vergadering en die Appèldeputate. Hy stel dit verkieslik ook elektronies beskikbaar.</p> <p>6.2 'n Appellant is self verantwoordelik vir alle persoonlike uitgawes wat met die appèl verband hou, behalwe dié van die betrokke Appèldeputate.</p> <p>6.3 Indien die Appèldeputate dit ter wille van die respondent of van een of meer van die Deputate self noodsaaklik ag om die bewoording van die appèl en bylaes of dele daarvan in 'n ander taal as dié waarin dit voorgelê is beskikbaar te stel, moet die dokumentasie op die rekening van die betrokke meerdere vergadering vertaal word en aan die appellant voorgelê word om die korrektheid van die vertaling te bevestig.</p>	<p>6. Submission of an Appeal</p> <p>6.1 The appellant provides the requested number of copies of the Appeal and appendices where applicable to the Scribe/Deputies of the relevant minor assembly and the Deputies for Appeal. He preferably also makes it available electronically.</p> <p>6.2 An Appellant is himself responsible for all personal expenses related to the appeal, except for those of the Deputies for Appeal.</p> <p>6.3 If the Deputies for Appeal consider it necessary for the sake of the respondent or one or more of the Deputies themselves to make available the wording of the appeal and appendices or parts thereof in a language other than that in which it was presented, the documentation must be translated on the account of the relevant major assembly and presented to the appellant to confirm the correct-ness of the translation.</p>
<p>7. Beoordeling van 'n Appèl</p> <p>7.1 <i>Konstituering van Appèldeputate</i></p> <p>7.1.1 Wanneer Appèldeputate saamgeroep word vir die aanhoor van 'n Appèl, moet eerstens by eenparige besluit bevestig word dat elke deelnemende Deputaat onbevange in die betrokke saak is.</p> <p>7.1.2 Indien dit in 'n spesifieke geval blyk dat 'n Deputaat belang by 'n appèlsaak het waardeur 'n objektiewe oordeel bemoeilik mag word, moet 'n onbevange sekondus opgeroep word vir deelname aan die beoordeling van die Appèl.</p> <p>7.2 <i>Ontvanklikheid</i></p> <p>7.2.1 Ná konstituering moet die Appèldeputate eerstens die ontvanklikheid van die Appèl aan die hand van die volgende maatstawwe bepaal:</p> <p>7.2.1.1 die besluit waarteen geappelleer word, moet woordeliks volgens en</p>	<p>7. Assessment of an Appeal</p> <p>7.1 <i>Constitution of Deputies for Appeal</i></p> <p>7.1.1 When Deputies for Appeal are called together for the hearing of an Appeal, it must first be confirmed unanimously that each participating Deputy is unprejudiced in the case in question.</p> <p>7.1.2 If, in a specific case, it appears that a Deputy has an interest in an appeal case which may make an objective judgment difficult, an unprejudiced secundus must be called for participation in the assessment of the Appeal.</p> <p>7.2 <i>Admissibility</i></p> <p>7.2.1 Following constitution, the Deputies for Appeal should first determine the admissibility of the Appeal based on the following criteria:</p> <p>7.2.1.1 the decision appealed against must be quoted verbatim according to and with</p>

<p>7.2.1.2 met bewys van die amptelike redaksie daarvan aangehaal word; die gronde vir die Appèl moet duidelik uiteengesit wees en voldoen aan die vereistes wat hierbo in 5 gestel word;</p> <p>7.2.1.3 daar moes binne die vasgestelde tyd soos bepaal in 4.1 kennis van Appèl gegee wees.</p>	<p>proof of its official edition;</p> <p>7.2.1.2 the grounds for the Appeal must be clearly set out and meet the requirements set out in 5 above;</p> <p>7.2.1.3 notice of Appeal must have been given within the set time as determined in 4.1.</p>
<p>7.3 <i>Partye</i> Die appellent/e en respondent/e in die geskil word beskou as die partye wat by die oorspronklike beswaar betrokke was/is. Indien teen 'n uitspraak van 'n meerdere vergadering geappelleer word, word dié vergadering nie 'n party in die geskil nie.</p>	<p>7.3 <i>Parties</i> The appellant/s and respondent/s in the dispute are considered to be the parties who were/are involved in the original objection. If an appeal is made against a decision of a major assembly, this assembly does not become a party to the dispute.</p>
<p>7.4 <i>Vertroulikheid</i> 7.4.1 Die Appèldeputate moet aan die hand van die saak oordeel tot watter mate die appèlproses en -dokumente vertroulik hanteer moet word.</p> <p>7.4.2 Versoeke dat getuienis as vertroulik hanteer moet word, moet deur die Appèldeputate met die nodige omsigtigheid met die oog op geregtigheid hanteer word.</p>	<p>7.4 <i>Confidentiality</i> 7.4.1 The Deputies for Appeal must judge on the basis of the case to what extent the appeal process and documents should be handled confidentially.</p> <p>7.4.2 Requests that evidence should be treated as confidential must be handled by the Deputies for Appeal with the necessary caution with a view to justice.</p>
<p>7.5 <i>Aanhoor van 'n Appèl</i> Die aanhoor van 'n Appèl wat ontvanklik is, verloop soos volg:</p> <p>7.5.1 Die appellent kry die geleentheid om sy appèl, sowel as enige skriftelike getuienis persoonlik of met behulp van 'n toeligter aan die Appèldeputate voor te lê en toe te lig.</p> <p>7.5.2 'n Toeligter van die vergadering teen wie se besluit geappelleer word, kry daarna die geleentheid om op die Appèl te antwoord en aan te toon waarom die Appèl nie behoort te slaag nie.</p> <p>7.5.3 Nadat die Appèldeputate die toeligting van die appellent en die betrokke mindere vergadering aangehoor het, pleeg die Appèldeputate <i>in camera</i> oorleg om te bepaal wat die geskilpunte is waarvoor geoordeel moet word, en deel dit by die hervatting van die verrigtinge aan die appellent en die</p>	<p>7.5 <i>Hearing of an Appeal</i> The hearing of an Appeal that is admissible proceeds as follows:</p> <p>7.5.1 The appellant gets the opportunity to present and explain his appeal, as well as any written evidence, personally or with the help of an elucidator to the Deputies for Appeal.</p> <p>7.5.2 An elucidator of the assembly against whose decision is appealed, is then given the opportunity to reply to the Appeal and show why the Appeal should not succeed.</p> <p>7.5.3 After the Deputies for Appeal have heard the explanation of the appellant and the relevant minor assembly, the Deputies for Appeal consult <i>in camera</i> to determine which are the points of dispute that must be judged, and share them when the proceedings resume to the appellant and the relevant assembly's elucidator(s).</p>

	betrokke vergadering se toeligter(s) mee.		
7.5.4	Indien die appelland getuies wil roep om oor die geidentifiseerde geskilpunte ter ondersteuning van die Appèl te getuig, kan die appelland of toeligter(s) die getuies lei.	7.5.4	If the appellant wants to call witnesses to testify about the identified points of dispute in support of the Appeal, the appellant or elucidator(s) can lead the evidence.
7.5.5	Tydens en na die lewering van getuies kan die Deputate vrae aan die appelland, 'n toeligter(s) of 'n getuie ter opheldering van die getuies vra.	7.5.5	During and after giving evidence, the Deputies may ask questions of the appellant, an elucidator(s) or a witness to clarify the evidence.
7.5.6	Nadat 'n getuie vir die appelland getuig het, kan 'n toeligter(s) van die vergadering teen wie se besluit geappelleer word in kruisondervraging aan die getuie vrae stel ter opheldering, vervollediging en kontrole van die korrektheid van die getuies.	7.5.6	After a witness has testified for the appellant, an elucidator(s) of the assembly whose decision is being appealed can put questions to the witness in cross-examination to clarify, complete and check the correctness of the evidence.
7.5.7	Die appelland of toeligter(s) van die appelland kan ná afhandeling van die kruisverhoor nog een maal vrae in herondervraging aan die getuie stel, maar slegs oor aspekte wat tydens die kruisondervraging aangeraak is.	7.5.7	The appellant or the appellant's elucidator(s) may, after the cross-examination has been concluded, put questions to the witness once more in re-examination, but only about aspects that were touched upon during the cross-examination.
7.5.8	Elke getuie vir die appelland word volgens die voorgaande prosedure ondervra, waarna die toeligter(s) van die mindere vergadering teen wie se besluit geappelleer word getuies kan roep.	7.5.8	Each witness for the appellant is questioned according to the preceding procedure, after which the elucidator(s) of the minor assembly whose decision is appealed can call witnesses.
7.5.9	Die getuies vir die betrokke vergadering word volgens dieselfde prosedure soos in paragrawe 7.5.4 tot 7.5.7 hierbo uiteengesit ondervra, onder kruisondervraging geneem en herondervra.	7.5.9	The witnesses for the relevant assembly are interviewed, cross-examined and re-examined according to the same procedure as set out in paragraphs 7.5.4 to 7.5.7 above.
7.5.10	Nadat al die getuies vir die betrokke vergadering aangehoor is, kry eers die appelland of toeligter van die appelland geleentheid om die Appèldeputate toe te spreek oor die vertolking van die getuies en daarna die toeligter(s) van die betrokke vergadering.	7.5.10	After all the witnesses for the relevant assembly have been heard, first the appellant or the appellant's elucidator gets the opportunity to address the Deputies for Appeal about the interpretation of the evidence and then the elucidator(s) of the relevant assembly.
7.5.11	Van al hierdie besprekings word 'n verslag opgestel.	7.5.11	A report is drawn up of all these discussions.
7.5.12	Indien die Appèldeputate dit nodig vind, kan bykomende getuies uit eie beweging opgeroep word om tydens die sitting en in die teenwoordigheid van die appelland en die toeligter(s)	7.5.12	If the Deputies for Appeal find it necessary, additional witnesses can be called of their own accord to shed further light on the matter during the hearing and in the presence of the appellant and the

<p>van die betrokke vergadering verdere lig op die saak te werp.</p> <p>7.5.13 Na afhandeling van al die getuienis en betoë word die verrigtinge tydelik verdaag, die Appèldeputate pleeg oorleg en formuleer 'n voorlopige bevinding.</p> <p>7.5.14 Wanneer die verrigtinge hervat word, maak die Appèldeputate aan die appelland en die betrokke vergadering se toeligter(s) die voorlopige bevinding bekend en gee dan eers aan die appelland en daarna aan die betrokke vergadering se toeligter die geleentheid om kommentaar daarop te lewer, waarna die appelland repliek mag lewer.</p> <p>7.5.15 Die Deputate toon aan of die aanvanklike bevinding deur die repliek gewysig word. Die Appèldeputate oorweeg die kommentaar en repliek van die partye <i>in camera</i> en deel die partye dan mee of, en indien wel hoe, die aanvanklike bevinding na aanleiding daarvan gewysig word.</p> <p>7.5.16 Die Deputate het die bevoegdheid om 'n geskil te skik wat tot terugtrekking van die appèlskrif sal lei. Die Appèldeputate het die bevoegdheid om die geskil te eniger tyd tussen die partye te skik, in welke geval die Appèl verval en die prosedure beëindig word.</p> <p>7.5.17 Indien die partye tydens die proses tot versoening kom, verklaar die Appèldeputate die Appèl as afgehandel.</p> <p>7.5.18 Al die verrigtinge tydens die aanhoor van 'n Appèl geskied in die teenwoordigheid van sowel die appelland as die toeligter(s) van die betrokke vergadering, behalwe wanneer die Appèldeputate onderling oorleg moet pleeg soos bedoel in 7.5.3, 7.5.13 en 7.5.15 en tydens die skryf van die finale Rapport (7.6).</p> <p>7.6 <i>Rapport</i> Die Appèldeputate stel 'n finale rapport op waarin die volgende gemeld word:</p>	<p>elucidator(s) of the relevant assembly.</p> <p>7.5.13 After all the evidence and arguments have been heard, the proceedings are temporarily adjourned, the Deputies for Appeal consult and formulate a preliminary finding.</p> <p>7.5.14 When the proceedings are resumed, the Deputies for Appeal announce the preliminary finding to the appelland and the relevant assembly's elucidator(s) and then first give the appelland and then the relevant assembly's elucidator the opportunity to comment on it, after which the appelland may reply.</p> <p>7.5.15 The Deputies show whether the initial finding is modified by the reply. The Deputies for Appeal consider the comments and reply of the parties <i>in camera</i> and then inform the parties whether, and if so how, the initial finding is modified as a result.</p> <p>7.5.16 The Deputies have the power to settle a dispute which will lead to the withdrawal of the writ of appeal. The Deputies for Appeal have the power to settle the dispute between the parties at any time, in which case the Appeal lapses and the procedure is terminated.</p> <p>7.5.17 If the parties reconcile during the process, the Deputies for Appeal declare the Appeal to be completed.</p> <p>7.5.18 All the proceedings during the hearing of an Appeal take place in the presence of both the appelland and the elucidator(s) of the relevant assembly, except when the Deputies for Appeal must consult among themselves as intended in 7.5.3, 7.5 .13 and 7.5.15 and during the writing of the final Report (7.6).</p> <p>7.6 <i>Report</i> The Deputies for Appeal draw up a final report in which the following is stated:</p>
--	---

7.6.1	'n Kort historiese oorsig en samevatting van die inhoud en verloop van die saak, onder andere die weergawe van die besluit/e of handeling van die mindere vergadering waaroor die geskil aanvanklik begin het.	7.6.1	A brief historical overview and summary of the content and course of the case, among other things the edition of the decision/s or action of the minor assembly about which the dispute initially started.
7.6.2	'n Samevatting van die beswaargronde wat die appellant aangevoer het.	7.6.2	A summary of the grounds of objection that the appellant put forward.
7.6.3	'n Samevatting van die reaksie op die Appèl wat die mindere vergadering aan die Deputate voorgelê het.	7.6.3	A summary of the response to the Appeal that the minor assembly presented to the Deputies.
7.6.4	'n Oorsig oor die prosedure wat die Deputate by die beoordeling van die Appèl gevolg het.	7.6.4	An overview of the procedure that the Deputies followed when assessing the Appeal.
7.6.5	Die Deputate se bevinding aan die hand van 'n ontleding en beoordeling van die gronde waarop die Appèl berus, die getuienis wat voorgelê is en die toepassing van die Skrif en/of die bepalings van die Kerkorde daarop.	7.6.5	The Deputies' finding based on an analysis and assessment of the grounds on which the Appeal is based, the evidence presented and the application of Scripture and/or the provisions of the Church Order to it.
7.6.6	Die uitspraak dat die Appèl toegestaan word of van die hand gewys word.	7.6.6	The ruling that the Appeal is granted or dismissed.
7.6.7	Waar van toepassing, 'n uiteensetting van die regsgevolge van die uitspraak.	7.6.7	Where applicable, an outline of the legal consequences of the judgment.
7.6.8	Waar van toepassing, aanbevelings aangaande 'n pastorale weg om die regskending of foutiewe persepsie daarvan uit die weg te ruim.	7.6.8	Where applicable, recommendations regarding a pastoral way to eliminate the injustice or erroneous perception thereof.
7.6.9	Indien die Deputate vir enige rede nie 'n bevinding kan maak of 'n uitspraak oor die Appèl kan gee nie, rapporteer die Deputate die redes daarvoor aan die betrokke vergadering wat dan verder met die meerdere advies van die betrokke kerke met die Appèl handel.	7.6.9	If, for any reason, the Deputies cannot make a finding or give a verdict on the Appeal, the Deputies report the reasons for this to the relevant assembly, which then proceeds with the Appeal with the added advice of the churches concerned.
8. Rapportering oor 'n Appèl		8. Reporting on an Appeal	
8.1	Die Rapport van die Appèldeputate dien soos enige ander Deputaterapport op die eersvolgende vergadering.	8.1	The Report of the Deputies for Appeal is tabled like any other Deputies report at the next assembly.
8.2	Slegs die Rapport van die Deputate word, sonder verdere toeligting deur die appellant of die betrokke mindere vergadering, ter tafel geneem. Aan die appellant en toeligter word geen spreekbeurt gegee nie. Indien hulle by die vergadering	8.2	Only the Report of the Deputies will be tabled, without further explanation by the appellant or the relevant minor assembly. The appellant and elucidator are not given a chance to speak. If they are present at the assembly, the

<p>teenwoordig is, word aan die appellant en die betrokke vergadering se toeligter die geleentheid gegee om die kommentaar en repliek wat ooreenkomstig 7.5.14 aan die Deputate voorgehou is, ook aan die vergadering voor te hou. Tydens sodanige voorleggings word punte wat nie tydens die aanhoor van die Appèl deur enige van die partye geopper is nie, nie toegelaat nie.</p> <p>8.3 Voordat die vergadering oor die Rapport van die Deputate besin en besluit, verlaat alle persone wat betrokke was by die besluit van die betrokke mindere vergadering asook die appellant, indien teenwoordig, die vergadering.</p> <p>8.4 Indien die betrokke vergadering die werkwyse van die Deputate goedkeur, is die Appèl dienooreenkomstig beslis.</p> <p>8.5 Indien die betrokke vergadering nie die werkwyse van die Deputate goedkeur nie, moet skriftelike redes daarvoor en 'n gemotiveerde alternatiewe uitspraak deur die vergadering aan die appellant en die betrokke mindere vergadering verstrekk word, by gebrek waarvan die Deputate se bevindings en aanbevole uitspraak geag word die bevindings en uitspraak van die betrokke vergadering te wees.</p> <p>8.6 Die vergadering moet die wyse waarop die saak afgehandel word, nadat uitspraak gelewer is, goedkeur (kyk Acta 2012:28, 2.7.8.4).</p> <p>9. Onvoorsiene gevalle In gevalle waar hierdie prosedure nie voorsien nie, tref die Algemene Sinode 'n reëling.</p>	<p>appellant and the relevant assembly's elucidator are given the opportunity to present to the assembly the comments and reply which were presented to the Deputies in accordance with 7.5.14. During such submissions, points that were not discussed during the hearing of the Appeal by either party, are not allowed.</p> <p>8.3 Before the assembly considers and decides on the Report of the Deputies, all persons who were involved in the decision of the relevant minor assembly as well as the appellant, if present, leave the assembly.</p> <p>8.4 If the relevant assembly approves the mode of operation of the Deputies, the Appeal is decided accordingly.</p> <p>8.5 If the assembly in question does not approve the mode of operation of the Deputies, written reasons for this and a motivated alternative judgment must be provided by the assembly to the appellant and the relevant minor assembly, failing which the Deputies' findings and recommended judgment will be considered being the findings and verdict of the relevant assembly.</p> <p>8.6 The assembly must approve the manner in which the case is settled, after judgment has been delivered (Acta 2012:28, 2.7.8.4).</p> <p>9. Contingencies In cases where this procedure is not provided for, the General Synod makes an arrangement.</p>
--	---